Vrae aan 'n Apostel lidmaat

G. J. Du Preez 072 1876 076

Vrae aan ‘n ou Apostel lidmaat

1) Is jy ‘n Christen?
2) Glo julle aan die voortsetting van die apostel amp?
3) Beheer die apostel die toegang tot die hemel?
4) Is die apostels YAHUSHA se plaasvervangers op die aarde?
5) Is die apostels die enigste mense wat kan vervloek op aarde?
6) Gee die apostel se woord lewe?
7) Is dit net die apostels wat die VADER ken en met Hom van aangesig tot aangesig mag spreek ?
8) Is die Apostel kerk se geboorte uit Rooms-Katoliek?
9) Kom die Woord van VADER slegs deur die mond van ‘n apostel en nie deur die Skrifte nie?
10) Doen julle mondelik oorlewering wat nie op skrif is nie?
11) Het die apostel se woord baie meer gesag as die Skrifte?
12) Is die gesag van die Skrif ondergeskik aan die gesag van die apostel?
13) Mag jy jou Skrif (*Bybel*) kerk toe vat?
14) Mag jy jou Skrif by die huis lees, met ondersoeke wat gesê en bespreek was in die kerk?
15) Is die Skrifte slegs ‘n saamgestelde boek van beloftes en gebooie deur ‘n groep gelowiges?
16) Is die priester gesag oor die hele gemeente se huise en neem hy die besluite oor hulle gesinne?
17) Het die priester die reg om wetend en onwetende “sondes” te vergewe soos die apostels ?
18) As die priester 'n versoek ontken, is dit aanvaar dat hierdie ontkenning van VADER self kom?
19) Hou julle elke maand op die Sondag nagmaal?
20) Kan afgestorwenes gedoop, nagmaal neem en verseëling ontvang?
21) Tree die profeet, opsiener en evangelis namens die dode op?
22) Mag iemand namens ‘n oorledene optree om vir hom vergifnis te pleit?
23) Is die verseëling gelykstaande aan die “wedergeboorte”?
24) Is dit net die ou Apostel–lidmate wat in die hemel gaan kom?
25) Is dit ‘n groot wetsoortreding om die kerk te verlaat?
26) *Gaan daar net ‘n sekere groep (religie / geloof)* hemel toe?
27) Glo julle aan drome?
28) Glo julle aan die vergewing van “sondes” en bekering van dooies?
29) Is dit nodig om te bid (*As lidmaat*) met of sonder ‘n apostel?
30) Is dit so dat Maandae is getuienis; Dinsdae is koor; Woensdae is biduur; Donderdae is krag sel; Vrydae is Koor en Saterdae is jeugaand?
31) Is dit so dat as ‘n lidmaat nie, soos bo in 30, betrokke is nie, kan hy nie die saligheid beërwe nie?
32) Word die Skrifte geestelik verklaar?

33) Het J*sus (YAHUSHA) vleeslik opgevaar na die hemel of afgedaal na die hart uit die verstand?
34) As die hemel ‘n plek van sielerus, saligheid en vrede is; Waar is die hemel?
35) Is daar ‘n hel?
36) Was daar ‘n vloed in Noag se tyd?
37) Het julle kontak met die afgestorwenes?
38) As daar gedoop word, besprinkel julle; Waar staan dit in die Skrifte?
39) Is dit so dat die Ou Apostoliese kerk vyandig teenoor ander geestelike instellings en kerke is?
40) Is dit so wanneer ‘n lidmaat onderdanig en gehoorsaam is dan toon hy (*of sy*) sy onderdanigheid na die kantore binne die kerk?

As die antwoord “JA” is op die 40 vrae, kwalifiseer ou Apostoliese kerk dus as ‘n kultus omdat hulle:

(1) Op die woord van ‘n apostel werk wat ‘n mens is en nie op die Woord van VADER ‘wat YAHUSHA’ is nie;
(2) Die Skrifte minderwaardig ag as die apostel se woord (Luk.24:27; Matt.21:42; 22:29; 26:54-56; ens);
(3) Dat daar geen Skrif studie of gemeentelede toegelaat mag word om die Skrif te ondersoek of dit wat daar staan te betwyfel nie (*Veral as ondersoeke gaan om die apostel te toets of hy reg gespreek het*);
(4) Dat hulle met die dode (afgestorwenes) mag werk (Lev.19:31; 20:6, 27; Deut.18:11; Jes.8:19; 19:3; 29:4; ens.);
(5) Dat daar geen hel of plek na straf is nie.
(6) Glo dat almal welkom is in hulle geloof (Alle kleure en geure);
(7) ‘n Apostels die plaasvervanger van YAHUSHA is;
(8) Die onderdanigheid is aan ‘n apostel, priester, kerk, instansie en ‘n kantoor;
(9) Van 1 tot 40.....;

Ns: Wat sê die Skrif, wat moet dié doen wie se oë oopgaan in die kerke?

Open. 18:4 ...: *Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar ~~sondes~~ oortredinge mag hê en van haar plae ontvang nie.*

Bedink dit.